

God se woonplek is nou by die mense

Openbaring 21:1, 3-4

10 Januarie 2021

1. Sewende onderafdeling: Op 20 het reeds periode beskryf tot met die finale oordeel. Op 21:1-22:5 is uniek: beskryf nuwe hemel en aarde, en nuwe Jerusalem – na die finale oordeel.
2. Nuwe hemel en nuwe aarde (Op 21:1,3-4)
 - a. Eerste hemel en aarde verdwyn/gaan verby, dan kom nuwe hemel en aarde (vgl: eerste/tweede dood, eerste/tweede opstanding, eerste/tweede koms van Jesus, ou/nuwe verbond – vooruitgang in God se plan)
 - b. Nuut beteken nie totaal anders, onverwant nie
3. Eerste hemel en aarde
 - a. Gen 1 (Elohim): 6 skeppingsdae, met opdragte aan die skepsels – mens moet vermeerder en aarde vul, aarde onderwerp, sewende dag heilig
 - b. Gen 2 (Jahwe): Tuin is woonplek vir die mens, wat hulle moet oppas en bewerk, twee spesifieke bome
 - c. Gen 3: God wandel in die tuin, besoek Adam en Eva
 - d. Tuin is eerste vorm van tabernakel (tabernakel is God se woonplek onder die volk):
 - i. God lê die tuin aan, gee opdrag om tabernakel te bou (Eks 25:8-9)
 - ii. God inspekteer Sy skepping, Moses inspekteer die tabernakel (Eks 39:43)
 - iii. Boom van die lewe in die tuin. Kandelaar in tabernakel
 - iv. Boom van kennis van goed en kwaad in tuin. God se wet in die Allerheiligste
 - v. Rivier benat tuin en vloeи verder. Esegiël sien stroom wat uit tempel vloeи.
 - vi. Tuin bevat goud, balsem en oniks. Meublement in Heilige/Allerheiligste van goud, salfolie/wierookoffers van balsem, oniksstene op hoëpriester se klere
 - vii. Ingang van tuin aan oostekant, ingang van tabernakel aan oostekant
 - e. Items in tabernakel sonder ekwivalente in die tuin: brandofferaltaar, waskom en verbondsark
 - f. Adam en Eva word na sondeval uit tuin gestuur – sodat hulle langs nuwe lewende weg (insluitende die brandofferaltaar, waskom en verbondsark) kan inkom
 - g. Nuwe Testament: Gelowiges is die tempel (1 Kor 3:9b, 16, 1 Pet 2:5)
4. Nuwe hemel en nuwe aarde
 - a. Eerste hemel en aarde verdwyn (Op 20:11, 6:12 ev)
 - i. 2 Pet 3:10-13 – gebrand, Rom 8:21 – bevry van verganklikheid om te pas by heerlikheid van die kinders van God
 - ii. Geen trane, dood, smart, leed en pyn nie (Op 21:4)
 - iii. Woonplek van God is nou by die mense! (Op 21:3)
 - Beter as in tuin van Eden
 - Beter as in tabernakel/tempel
 - Beter as in gelowiges wat nog opgebou word as lewende stene
5. Gelowige, dink aan die hiernamaals:
 - a. Waaraan dink jy as jou finale eindbestemming? Die hemel?
 - b. Waaroor is jy opgewonde? Die gebrek aan smart, leed en pyn?
 - c. Waarmee dink jy gaan jy besig wees? Jou skeppingsopdragte?